NUUSKRUMMELS

30 Julie 2020

Foto: Riata Nel

Ek deel graag dié foto van Strand vandag. Prentjie mooi. Die handewerk van God – die berge, sand en see.
So baie mooi herinneringe word hier gemaak, kinders wat uitbundig op die strand baljaar en in die water swem. Skulpies wat oral lê, mense wat stap, viervoet-vriende wat snuffel-snuffel en al stert-swaaiend saam stap/draf. Mense wat draf, ander swem of surf of roei. Die moontlikhede van pret en aktiwiteite hier is onbeperk.
Die geheim is, jy moet uit kom, daar kom en dit geniet. Dan maak jy nuwe herinneringe, nuwe foto's wat oomblikke vasvang vir altyd – want niks bly dieselfde nie. "Nothing stays the same."
Maak tyd om in 2020 se onderstebo-tyd kaalvoet op die strand te staan en die son op jou vel te voel. Asem die vars lug in en wees dankbaar vir oomblikke, geleenthede en kanse. Voel God se teenwoordigheid en weet, ALLES is in Sy hande.

Wegneemete-Basaar Saterdag 1 Augustus

Bestellings kan Saterdag 1 Augustus tussen 11:00 en 14:00 by die kerk afgehaal word.

Net die volgende reëlings:

1. Onthou jou masker en 1.5m afstand.
2. Betaal by die Kerkkantoor. (Kontant in 'n koevert of kaart – jammer geen kleingeld).
3. Jy kry dan 'n kaartjie met jou unieke nommer, wat jy by die kerksaal gee om jou pakkie te kry.
4. ***EFT- Mense wat elektroniese betalings gedoen het, kan hulle bestelling direk by die kerksaal afhaal.***

Baie dankie vir elkeen wat dié aksie ondersteun. Ons wil ook baie dankie sê vir Apolonia Maritz en haar span staatmakers, wat agter die skerms werk om seker te maak dat dié grendeltyd-aksie 'n sukses is.

Dankie aan elkeen wat help bak, braai, nagereg maak, bakkies skep en merk en Saterdag pakkies gaan opmaak. Sonder julle hulp en ondersteuning, sou dié basaar nie moontlik gewees het nie.

Kniewerk

Voorbidding vir :

- Innige meegevoel met Ria Wilkinson en familie, wie se broer oorlede is.
- Innige meegevoel met familie van Elbie Schoeman, wat oorlede is.
- Alfred Champion vir herstel & gesondheid.
- Lizelle Volschenk, vir gesondheid.

Geen eredienste of byeenkomste in kerkgebou tot verdere kennisgewing

Weens die hoë risiko van infeksie in die Wes-Kaap sal daar vir Junie nog geen eredienste of byeenkomste in die kerkgebou wees nie. Ds. Petrie, Charlene en Riata werk van die huis af en kan enige tyd gekontak word. Mense wat graag wil help met kospakkies of donasies/gelde/dankoffer kan ons kontak en 'n afspraak maak om dit by die kerkkantoor af te gee.

Ds. Petrie 073 166 1306 e-pos: petrie@lourensrivier.co.za
Charlene 082 384 4037 e-pos: fin@lourensrivier.co.za
Riata 082 560 5283 e-pos: admin@lourensrivier.co.za

Ons 80 + Verjaarsdae vir Augustus

MEISIES AGTER GOD

Kontak Tijane Visser vir meer inligting 083 287 0954

MATRIEKS 2020

Ondersteun matrieks so!

Ondersteun ons matrieks so!
Matrikulante van 2020 is baie ontwrig. Dinge waarna hulle uitgesien het soos interskole, matriekafskeid en sporttoere vind nie meer plaas nie.
Daar heers ook nog baie onsekerheid oor die res van die akademiese jaar en die eindeksamen.
Wil jy graag matrieks ondersteun?
Die Jeug en Familie Taakspan het die volgende hulpmiddels bymekaar gesit om jou te help:
- Besoek www.dinkjeug.co.za vir podcasts oor ondersteuning en “debriefing” – ideaal vir ouers en kategete.

KATEGESE IN DIE TUSSEN-TYD
Woensdag, 5 Augustus
14:00 – 15:30
Aanlyn Zoom Webinar

Grendeltyd het kategese (soos ons dit ken) opgeskort en dit mag dalk nog 'n paar maande so voortduur. Intussen het 'n hele aantal gemeentes met kreatiewe idees na vore gekom soos inrydienste, blits besoeke, ouertoerusting en interaktiewe aanlyn byeenkomste. Kom luister na stories van gemeentes wat buite die boks dink om aan te hou geloof vorm en kry 'n plan vir kinder- en tienerbediening in jou konteks vir die "tussen-tyd" waarin ons tans verkeer.

Inskrywings is gratis, maar plekke vir die Zoom webinar is beperk - so registreer asseblief vroegtydig by: https://forms.gle/j5DZn5xegEPy4JneA
Predikante kan 5 VBO punte verdien vir hierdie webinar.

Die Covid-19 pandemie het lidmate op verskeie vlakke geraak en almal ervaar een of ander vorm van emosionele verlies. Die uitgerekte grendeltyd, die onsekerheid oor die toekoms, verlies aan inkomste, groter wordende werkloosheid in gemeenskappe, skole se aanpassings met nuwe regulasies en nog baie meer, het bygedra tot mense se ervarings van spanning en verlies. Communitas nooi lidmate en predikante uit om na 'n paneel van kundiges te kom luister.
Dit vind op 3 agtereenvolgende Donderdae aande om 19:00-20:30 plaas en word gratis aangebied.
Registreer gerus by: https://forms.gle/NSRr4zeH9VbQjFMBA

Hoop

Geloof

Liefde

Iets om te oorweeg

Ons nooi jou uit om tydens Augustusmaand Coenie Burger se tydige nuwe boek '**Oop Deure - wat Openbaring ons oor die kerk se lewe en roeping leer'** saam te lees en te bespreek.
Die besprekings gaan Woensdagaande (5, 12, 19 en 26 Augustus) van 19:30-20:30 via Zoom plaasvind.

Coenie Burger gaan ook aan die gesprek deelneem.

Hier volg 'n kort beskrywing van die boek:
Oop deure - wat Openbaring ons oor die kerk se lewe en roeping leer is veel meer as 'n blote uitleg van die boek Openbaring. Dit is aktueel en toepaslike vir ons onseker tye van pandemies, toenemende konflik, morele verval en ekologiese rampe. Vanuit die beeldryke Openbaringboek bied dit 'n verrassende, troosryke en hoopvolle blik op God Drie-enig, en God se toekoms waarin alles nuut gemaak word. Die boek open deure, nie net op God se toekoms nie, maar ook op geleenthede vir die kerk se missionale roeping vandag. Die fokus is veral ook op gemeentes wat in gehoorsaamheid meegeneem word in God se sending gerig op die herstel van 'n gebroke wêreld.
Oop Deure kan aanlyn bestel word by www.clf.co.za of per e-pos by order@clf.co.za of telefonies by 021 873 6964. Dit is ook te koop by CLF boekwinkels in Wellington en Bloemfontein en by Van Schaik boekwinkels in Hatfield (Pretoria), Potchefstroom en Stellenbosch.
Registreer vir hierdie boekbespreking by: https://forms.gle/PYWJZNrqDjKzMPaw7
Registrasie sluit 3 Augustus.
Daar is geen koste vir die boekbespreking – u moet slegs die boek self bestel.

JEUG!!!!

Skakel Sondae in (ZOOM) tussen 18:00 en 18:40.

Besoek ons Facebook-blad vir meer inligting – Lifeline Youth

zoom

LIFELINE YOUTH

ELKE SONDAG • 18:00 - 18:40

Date Night met Cape Pulpit

Join us for Date Night with Cape Pulpit – an evening filled with Fun, Worship, Teaching, and Laughter – Food for the Soul. Gather the family and join our live Facebook feed for this free event. Guests include Louwerens Swanepoel (Motivational Speaker & Business Coach), Wouter Snyman (CEO of the Attooh group & 7 Time Winner of #1 Financial Advisor Group for Discovery), Jean Davids (Cape Town comedian), Radio Cape Pulpit stalwart Johann Els, and worship leader, surfer & singer, Ryno Turketti. Your hosts are Brad and Líomee from Get Up & Go Breakfast.

Date: 07 Augustus
Time: 19:00
Location: Radio Cape Pulpit Facebook Page
Phone: 021 917 7000
Website: https://www.facebook.com/729capepulpit/
Evemt: https://www.facebook.com/events/642668613274337/

More Information

Geestelike Groei – Louwerens Swanepoel is 'n mentor, sakeman en motiveringspreker met 'n getuienis wat jou laat fokus op dit wat reg is met die wêreld. Raak ontslae van negatiwiteit en groei! Saam met sy vrou, Zantie Swanepoel voormalige Mev Verenigde Nasies Internasionaal en internasionale spreker wat in Hollywood en Los Angeles inspirasie gebring het. Hulle deel hulle aansteeklike liefde vir die Here met jou!

Be inspired – Wouter Snyman is the CEO of the Attooh group of Companies, Motivator, Serial-Entrepreneur and a #1 Bestselling Author. He will give his testimony and share from his Amazon bestseller book, The ordinary millionare.

Laugh – Known for his witty energetic comedy and stage presence, you will rarely if at all, find a crowd not in stitches when Jean Davids is around! He has worked with so many of the best entertainers and artists in Cape Town. He is a household name in the Southern Suburbs and an entrepreneur and producer of his own shows and productions.

Sielskos – met Johann Els, teoloog, radio aanbieder op Kaapsekansel met sy aansteeklike liefde vir God en kos uit die Woord wat ons program sal afsluit.

Praise & Worship – met Ryno Turketti, Surfer, Radio Presenter and Worship leader!

Ds. Petrie

Video- en Geskrewe-boodskap

SONDAG 26 JULIE

VIDEO:

https://www.youtube.com/watch?v=AxXKxu0_cwo

Geskrewe boodskap:

https://www.lourensrivier.co.za/images/Rom_8v31-39.pdf

Lifeline Youth

Boodskap vir die week

https://www.facebook.com/ChooseALifeline/videos/576686729664257/

Besoek ons webblad: Lourensrivier.co.za / https://www.lourensrivier.co.za/
Besoek ons Facebook blad: Lourensrivier SeMense /
https://www.facebook.com/LourensrivierGemeente/?ref=settings
Lifeline Youth https://www.facebook.com/ChooseALifeline/?ref=bookmarks
Lourensrivier Dinamiet KIEDZ: https://www.facebook.com/DinamietKiedzbediening/

GEDAGTES VIR DIE WEEK